**AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS**

**SONDAG 19 MAART 2023**

# VIERDE SONDAG VAN LYDENSTYD

## GEMEENTE DAGBOEK

### GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

***Die werk wat by Ramot gedoen word.***

### LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

**Romeine 8:6-11; Esegiël 37:1-14;**
**Psalm 130; Johannes 11:1-45**

| | |
|---|---|
| **SONDAG, 19 MAART** | |
| 09:00 | Oggenddiens: Ds Hannes Burger<br>Deuroffer ten bate van: Ramot<br>Erediensspan 1 – Chris van Niekerk |
| Geen | Kleuterkerk en Kinderkerk |
| Geen | Senior Kategese |
| **MAANDAG, 20 MAART** | |
| | SKOLE VAKANSIEDAG |
| Geen | Sportmanne Bybelstudie |
| Geen | Vroue Bybelstudie |
| **DINSDAG, 21 MAART** | |
| | MENSEREGTEDAG |
| **WOENSDAG, 22 MAART** | |
| 09:30 | Vroue Bybelstudie |
| 09:30 | Othello Bybelstudie |
| **DONDERDAG, 23 MAART** | |
| 09:30 | Kuilsrivier Dienssentrum: Noot vir Noot<br>Sopbeurte: Rosa Brand, Marita Pienaar, Hannelie Viljoen, Sarie Terblanche, Wilma Steer, René Arendse, Tina Theron |
| **VRYDAG, 24 MAART** | |
| 09:00 | Gebedsbyeenkoms |

| SATERDAG, 25 MAART | |
|---|---|
| | |
| **SONDAG, 26 MAART** | |
| | POSDAG<br>VYFDE LYDENSWEEK<br>DANKBAARHEIDSONDAG |
| 09:00 | Oggenddiens<br>Deuroffer ten bate van: Gemeentebediening<br>Erediensspan 2 – Lorraine Louw |
| 09:00 | Kleuterkerk en Kinderkerk |
| 18:00 | Senior Kategese |

# GEMEENTENUUS

1. Riekie Nel (Mortimerstraat) se kleinseun, Daniël, is in die hospitaal vir toetse.
2. Kallie Kaltwasser (Koistraat) het die afgelope week toetse ondergaan.
3. Jannie Carstens (Zevenzicht) het die afgelope week mediese toetse ondergaan.
4. Elmarie Scholtz (Zevenzicht) se dogter, Neré, het 'n draai in die hospitaal gemaak.
5. Maartin Oliver en Marietha Loubser tree Saterdag 25 Maart 2023 in die huwelik.
6. Henk en Johanette Louw (Brackenfell) se dogter, Madali, was in die hospitaal.



# VAN ALLES EN NOG WAT

1. John Oosthuizen is vanoggend ons orrelis.
2. Huis de Kuilen verlang die dienste van 'n Ontvangspersoon. Markverwante salaris met voordele. Stuur gerus u CV en dekbrief na admin@huisdekuilen.co.za of gee 'n kopie af by tehuis. Aansoeke sluit om 12:00 op die 24ste Maart 2023.
3. Ds Hannes Burger woon Donderdagaand 23 Maart, die kerkraadsvergadering van Digtebij Gemeente, as konsulent, by.
4. Ds Chris Barnardo is naweek af.

# VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

## Ramot

Ramot is ’n behandelingsentrum vir alkohol- en ander middel afhanklikheid en bestaan reeds vir 56 jaar. Gedurende hierdie tyd het meer as 200 000 mense met ’n afhanklikheidsprobleem direk of indirek hulp ontvang. Alkohol bly steeds die grootste probleem. Afhanklikheid (verslawing) beteken om oorgegee te wees aan ’n mag buite jouself met rampspoedige gevolge. Die persoon het geen hoop nie, en ervaar om verstaanbare redes nie welkom in die samelewing nie. Families is skaam vir die persoon en die wêreld verwerp hulle grootliks. Maar mag ons as Christene dieselfde doen? Help ons asseblief om Christus se hande en voete te wees vir die afhanklike. Elke pasiënt ontvang intensiewe persoonlike aandag. Die kerk kan trots wees op Ramot. Bid asseblief vir genade en wysheid om meer mense te help teen bekostigbare pryse. Ramot se leuse is dan ook: “ *’n Nuwe lewe, ’n Nuwe begin*”.

021 939 2033 | admin@ramot.co.za Webwerf: https://www.ramot.org.za

# VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

19/03 Fritz van Wyk(85), Ronelle Burger, Xandri Westenberg
20/03 Sunita Truter, Sarie Terblanche, Marianne Brink, Annette Deyzel
21/03 Karl-Wilhelm Schwenke, Wessel Labuschagne, Anri Roelofse, Anrich de Bod, Wikus Neuhoff, Ada Serfontein
22/03 Judy du Preez, Pieter van Dalen, Karla Andrews, Francois de Villiers, Anna Smith(90), Riëtta Odendal, Daniël Oosthuizen, Christiaan Barnardo
23/03 Annette Lochner, Ruben Grundling, Laurence Müller, Vera van Wyk, Hilana Lambert, Chris Els(80)
24/03 Gawie du Toit, Hennie le Roux, WD Kotze, Schalk Botes
25/03 Pottie Potgieter, John Marais, Mary Liebenberg(86), Erina van Wyk, Patrick van der Vyver(83), Briaan Cooper




# AKSIE SAMARITAAN

## Paasfees 2023

Geloofsvriende, Aksie Samaritaan benodig nog skenkings van die volgende items om Jesus se liefde ook hierdie Paasfees tasbaar te maak vir die haweloses.

*100 koekies seep
*100 effekleur waslappe
*20 pakke “hot cross buns”
*5 blikkies karamel kondensm
*10 pakkies “speckled eggs”
*20x6 pak sjokolade melkies (steri stumpies)
*5 bokse (van 48 elk) “marshmallow” paaseiers
*20x6 pak 330ml coke of soortgelyk blikkies of botteltjies koeldrank



Kontak Jakkie by 0824533862 indien jy verkies om ’n kontant bydrae te maak en Aksie Samaritaan se bankbesonderhede benodig.

Dankie dat ons met vrymoedigheid mag vra. Mag God u ryklik seën!

# BASAAR

Die posisie met die konvenors vir ons basaar is tans as volg.
Ons is baie dankbaar dat Petro Thom (Kerrie en Rys), Erna Carstens (Groente) en Francois Cillié (Veiling) hulself aangebied het om as konvenors op te tree.

Nou benodig ons nog konvenors vir die volgende tafels:
**boepensbroodjies(jaffles) en kindervermaak.**

Johan Morkel
0833988345

# TWEEDEHANDSE BOEKE

Sal almal wat gedurende die afgelope jaar boeke by die kerk se biblioteek uitgeneem het, dit asb by die kerkkantoor kom afgee.  Enige ander boeke of tydskrifte wat ons ook tydens die basaar kan verkoop, sal welkom wees.



Baie dankie

Sarie de Milander

084 209 7844

# NUUS VANUIT DIE KERKRAADSVERGADERING

- Tydens die kerkraadsvergadering van 15 Maart 2023 is die volgende lidmaat gekies tot die kerkraad:
  Erediensspanleier – Gerida Grobler

- Die volgende verandering tree die 2de kwartaal inwerking.
  1. Die tyd vir senior kategese: Na 'n paar jaar waarin ons Sondagaande kategese gehou het, keer De Eike terug na die gebruik om senior kategese direk na die oggenddiens aan te bied. Daar sal dus nou (voorlopig) geen aandbyeenkoms wees nie. Om dit makliker te maak vir ouers wat wag, word die tee-bediening 'n weeklikse instelling, en sal dit ook geriefliker ingerig word as in die verlede.

  2. Eredienstye sal voortaan nie meer wissel na gelang van seisoene nie, maar eredienste sal dwardeur die jaar om 09:00 begin.

  3. Die kerkraad besef dat ons effe oorhaastig reageer het op die verkeersituasie in Amandelrylaan in die oggend, en daarom sal ons kerkkantoor weer soggens van 08:00 op hulle pos wees.

# PREEKSKETS

**TEMA – JY IS LIG – LEWE DAN SO**



Prediker: Ds Hannes Burger

Skriflesing: Efesiërs 5: 6-21

Dis ‘n beeld wat elkeen van ons ken: die kontras tussen lig en donker...

- Ons het ‘n nuwe waardering ontwikkel vir lig; daarsonder sukkel ons maar...
- Die ergste is dat dit afhanklik is van mense en dinge buite-om onsself.
- Jy kan niks aan die saak doen nie!

1. **Paulus praat egter anders oor lig**.
   - Paulus sê: Julle is lig...!
   - Daarmee teken hy die dramatiese ommekeer wat God in ons lewe bewerk het.
   - Die ou en nuwe lewe staan radikaal teenoor mekaar: ene duisternis en lig!
   - ‘n Nuwe lewe gekenmerk deur die karaktertrekke van die verbond.
   - En een allesoorheersende toets vir elke situasie: Is dit vir die Here aanneemlik?

2. **Dit plaas ons egter midde-in ‘n stryd**.
   - Jy het ‘n roeping!
   - Om jou net te distansieer van die duisternis is nie genoeg nie.
   - Jy moet dit aktief beveg! (vers 11).
   - Jy is deel van ‘n stryd wat klaar gewen is!

3. **Wees dan baie versigtig hoe julle lewe...**
   - Christene durf nie ongeërg lewe omdat hulle weet dat hulle verlossing seker is nie.
   - ‘n Lewe van dankbaarheid onder leiding van die Gees dra die lig al verder.
   - Daar is geen plek vir beurtkrag in ons lewe nie...